



Aan predikante en voorsitters van kerkrade

Die afgelope week (27 en 28 Augustus) het die nuutverkose moderamen die eerste maal vergader by die NG Kerk Vredelust in Bellville. Dit was opvallend hoeveel jonger predikante en vroue teenwoordig was. Ons gee hiermee 'n bondige oorsig oor die uitkoms van die vergadering van die moderamen. Dit was nogeens 'n mooi geleentheid van saamdink en –dien wat iets verbeeld het van die bedoelde aard van die liggaam van Christus.

1. Verhouding met Badisa



Christine Quickfall, hoof-uitvoerende beampte van Badisa, is genooi om die moderamen in te lig oor die werk van Badisa en 'n gesprek te lei oor die verhouding tussen die welsynswerk van die kerk en die gemeentelike diakonaat. Sy het 'n breë oorsig gegee oor die werksaamhede en tegniese samestelling van Badisa en hoe dit die plaaslike gemeenskappe beïnvloed. Badisa het verlede jaar aan byna 700 000 kliënte dienste gelewer.

Ons het ons as moderamen daartoe verbind om die verstewiging van verhoudings tussen gemeentes en die programme van Badisa te ondersteun. Kerkrade word uitgedaag om met plaaslike maatskaplike werkers in gesprek te tree en hulle te betrek by hulle gemeente-diakonaat. Dit sal ook eersdaags moontlik wees om maatskaplike werkers wat lidmate van die NG Kerk is te orden as diensleraars in die gemeente. Alle gemeentes moet nou hard werk om stewige verhoudings met die programme van Badisa te bou.

2. Uitbreiding van werksaamhede

Die hooffokus van die moderamen is om strategiese leierskap aan die sinode te bied. 'n Uitgebreide leierspan het na afloop van die sinode 'n strategiese gesprek gevoer, waartydens die besluite, onderskeidings wat tydens die sinode gemaak is, en die insigte wat daar uitgespreek is, verreken is. Die moderatuur het nou die moderamen bedien met strategiese voorstelle oor die pad vorentoe. In sy verslag aan die moderamen is aan die geheelprentjie van die sinodale werksaamhede aandag gegee en nuwe sake is uitgewys wat verdere aandag verdien.

Die moderamen het **tien** uitbreidings op bestaande werksaamhede goedgekeur vir die termyn nl.:

2.1 Skrifverstaan



Die gebruik en uitleg van die Skrif was oor die afgelope jare die brandpunt van talle gesprekke, maar nie meer so as in die gesprek oor selfdegeslagverhoudings nie. Dit is duidelik dat Skrifverstaan, die inspirasie van die Skrif, spiritualiteit en toewyding begrippe is wat nie by ons kerkmense goed uitgeklaar is nie. Die moderamen meen dat ons ons lidmate verder en dieper moet betrek by ons denke oor die ontsluiting van die boodskap van die Skrif.

2.2 Nuwe gestaltes van die kerk (die kerk van die toekoms)

Nuwe gestaltes van die kerk, aanvullend tot die bestaande, is nodig om ruimtes te skep van gemeenskap, aanbidding en diensbaarheid. 'n Veranderende gemeenskap vra om nuwe bedieningstrategieë.

2.3 Kommunikasie



Die kerk slaag nie daarin om in die publieke ruimte die verhale van God se handeling met en in sy kerk te vertel nie. Die mediawêreld het totaal verander met die koms van digitale kommunikasie. Kommunikasie in die kerk word tans hanteer as 'n bestuursfunksie. Die verskuiwing van kommunikasie na 'n getuienisfunksie moet nou gemaak word.

2.4 Spiritualiteit

Ons wil graag nuut dink oor die rol van liturgie en simboliek in die verhouding van die gelowiges met God.

2.5 Pastorale Sorg

Suid-Afrika is 'n getraumatiseerde land. Voeg hierby die "normale" trauma wat mense ervaar met verliese van geliefdes, vernederings- en verwerpingservarings en die behoefte aan die sorg en medelye van gelowiges met mense se lyding, word duidelik. Nuwe weë moet gevind word om die sorgfunksie van die kerk te versterk en bevorder.

2.6 Finansiële en ekonomiese toekoms van gemeentes

Die meeste gemeentes beskik nou oor minder finansiële bronne as voorheen. Ondersteuning aan gemeentes om die bronne tot hulle beskikking te optimaliseer, raak dus nou 'n meer noodsaaklike funksie.

2.7 Ekumene, ekologie en eenheid

Samewerking met ander kerke raak toenemend 'n vereiste om 'n betekenisvolle impak te maak binne gemeenskappe. Daar het 'n blindokol in die kerk ontstaan vir ekumeniese werk, veral op plaaslike vlak, vanweë ons verlede van uitgeslotenheid. Die waarde van ekumeniese samewerking moet op plaaslike vlak ontsluit word.



2.8 Beeld van die NG Kerk in Wes-Kaapland

Die beeld van die NG Kerk word hoofsaaklik deur die openbare media bepaal. Die "brand" van die kerk is ook die afgelope paar jaar gevorm deur die wyse waarop kontensieuse sake hanteer is. Dit het in baie gevalle mense negatief oor die NG Kerk gemaak. Ons kan dit nie net so laat nie. Ons getuienis oor wat God in en deur die kerk doen, moet helder weerklink, nie ter wille van die kerk nie, maar sodat die Vader verheerlik sal word.

2.9 Menswaardigheid

Die ontwikkeling van 'n kultuur van menswaardigheid sal vir baie lank 'n evangeliese prioriteit bly. In SA is die werklikheid dat hier oor baie jare gewoontes en taal van disrespek geheers het wat nou afgebreek moet word.

2.10 Evangelisasie

Daar is tydens die 2019 sinode deeglik kennis geneem van die navorsing en werk wat gedoen is m.b.t. die ontwikkeling van 'n evangelisasiemodel. Die sinodegangers het baie positiewe terugvoer hieroor gegee en die verwagting is dat daar nou sterk hiermee gewerk sal word. Ondersteuning van die sinode om verdere implementering te bevorder is nou 'n prioriteit.

3. Gemeentebegeleiding

Dit het oor die afgelope termyn duidelik geword dat die kundigheid om gemeentes te begelei hoofsaaklik binne die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding ontwikkel is. Daar is 'n behoefte om 'n geïntegreerde begeleidingsproses te ontwikkel waarby die ander diensgroepe soos Getuienis, Toerusting en Diaconia betrek word.

4. Jong leraars

Die aftrede van 'n groot hoeveelheid leraars oor die volgende aantal jare maak dit dringend noodsaaklik dat jonger leraars bekendgestel word aan die sinodale werksaamhede en strukture.

5. Kerkraadslede en lidmate

Die verbintenis om leierskap van die kerk te verbreed gaan verder gevoer word deur leiers van kerkrade (nie die dominees nie) te nooi vir toerustingsgeleenthede in die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit.

6. Algemene Sinode 2019



Die moderamen het kennis geneem van die voorbereidings wat vir die Algemene Sinode se sitting van 6-13 Oktober 2019 by eMseni naby Boksburg gedoen word. Die afvaardiging van die Sinode van Wes-Kaapland word volgens Regl. 25.10 van die KO saamgestel. Die sinode kan 36 afgevaardigdes stuur (18 predikante en 18 kerkradslede). Die agenda van die Algemene Sinode is reeds beskikbaar op die kerk se webtuiste by <http://ngkerk.net/sinode2019/>.

7. Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit

Dit is duidelik dat die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (AMSS) reeds 'n groot bydrae lewer en impak maak in ons kerklike lewe. By 'n onlangse byeenkoms van kerkleiers by die AMSS is daar 15 bome geplant as simbool van dié kerke wat deur die werk van die NG Kerk in Afrika ontstaan het. Die meeste van die stigters van hierdie kerke is destyds opgelei by die Sending Instituut wat in die geboue van die AMSS bedryf is. Ongeveer ag miljoen gelowiges behoort aan hierdie kerke. Daar was reeds meer as 1000 bedbesettings by die AMSS gedurende die eerste ses maande sedert die inwyding van die AMSS. Die moderamen nooi kerkrade en ringe uit om die AMSS te besoek en dit deel te maak van hul jaarlikse geloofsreis.

8. Voorbidding

Die moderamen versoek gemeentes om voorbidding te doen vir:

- Gebiede in ons sinode en elders in die land waar dit bitter droog is;
- Vrede in ons land, en veral vir beskerming vir ons vroue en kinders;
- Ons regering wat ons land moet lei na beter ekonomiese omstandighede en integriteit.



Ons roep in hierdie dae elke gelowige op om met waagmoed te leef. Ons, die kerk, is immers geroep om 'n lewegewende verskil te maak in Suid-Afrika. Laat ons daarom elke geleentheid aangryp om te getuig van die Hoop wat in ons leef.